
**President Henry B. Eyring**
Eerste Raadgewer in die Eerste Presidentskap



# Vrede in Hierdie Lewe

Aan almal van ons wat die sterflikheid binnegekom het, het die Verlosser gesê, "In die wêreld sal julle verdrukking hê" (Johannes 16:33). Tóg het Hy hierdie wonderlike belofte aan sy dissipels gegee tydens sy aardse bediening: "Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie" (Johannes 14:27). Dit is 'n vertroosting om te weet dat hierdie belofte van persoonlike vrede vandag voortduur vir al sy dissipels.

Party van ons bly in pragtige en vreedsame omgewings, tog ervaar ons innerlike onrus. Ander voel vrede en perfekte gemoedsrus te midde van groot persoonlike verlies, tragedie en voortdurende beproewinge.

U mag die wonderwerk van vrede op die gesig van 'n dissipel van Jesus Christus gesien of dit in sy of haar woorde gehoor het. Ek het dit baie keer gesien. Soms was dit in 'n hospitaalkamer waar 'n familie bymekaargekom het rondom 'n dienaar van God wat naby die dood is.

Ek onthou 'n vrou wat ek in die hospitaal besoek het 'n paar dae voor sy dood is aan kanker. Ek het my twee jong dogters saam met my geneem omdat hierdie dierbare suster eens hulle onderwyseres in die Primêre Organisasie was.

Haar familielede het om haar bed byeengekom omdat hulle graag met haar wou wees tydens haar laaste oomblikke op aarde. Ek was verbaas omdat sy regop in haar bed gesit het. Sy het uitgereik na my dogters en hulle altwee, een vir een, aan elke lid van haar familie voorgestel. Sy het gepraat asof my dogters koninklikes was wat aan die hof van 'n koningin voorgestel word. Sy het 'n manier gevind om iets te sê omtrent die wyse waarop elke persoon in die kamer 'n dissipel van die Verlosser was. Ek onthou nog steeds die krag, die teerheid, en die liefde in haar stem. En ek onthou dat ek verbaas was oor haar vreugdevolle glimlag selfs al het sy geweet dat haar tydjie in die lewe kort was.

Sy het priesterskapseëninge van vertroosting ontvang, tog het sy ons almal 'n lewende getuienis gegee dat die Here se belofte van vrede waar is: "Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê: maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin" (Johannes 16:33).

Sy het sy uitnodiging aanvaar, soos ons almal kan, wat ook al ons beproewinge en probleme:

"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.

"Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart en julle sal rus vind vir julle siele" (Matthéüs 11:28–29).

Dit is slegs deur die Verlosser te volg dat ons die vrede en gemoedsrus kan vind in die beproewinge wat na elkeen van ons sal kom.

Die nagmaalgebede help ons om te weet hoe om daardie vrede te midde van die lewe se verdrukkinge te vind. Wanneer ons die nagmaal gebruik, kan ons ons voorneem om getrou te wees aan ons verbonde om Hom te volg.

Ons elkeen belowe om die Verlosser te onthou. Jy kan kies om Hom te onthou op die manier wat jou hart die beste na Hom trek. Vir my is dit soms om Hom in my geestesoog te sien kniel in die Tuin van Getsémane of om Hom na Lasarus te sien roep om uit die graf voort te kom. As ek dit doen, voel ek 'n nabyheid aan Hom en dankbaarheid wat vrede in my hart bring.

Jy belowe ook om sy gebooie te onderhou. Jy belowe om sy Naam op jou te neem en om sy getuie te wees. Hy belowe dat as jy jou verbonde met Hom hou, die Heilige Gees met jou sal wees. (Sien L&V 20:77, 79.)

Dit bring vrede op ten minste twee maniere. Die Heilige Gees reinig ons van sonde as gevolg van die Versoening van Jesus Christus. En die Heilige Gees kan ons die vrede gee wat kom deur die Here se goedkeuring en die hoop op die ewige lewe.

Die Apostel Paulus praat van hierdie wonderlike seëning: "Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing." (Galásiërs 5:22).

Toe hemelse boodskappers die geboorte van die Verlosser aangekondig het, het hulle verklaar, "Eer aan God in die hoogste hemele en *vrede* op aarde" (Lukas 2:14; beklemtoning bygevoeg). Ek lewer my getuienis, as 'n getuie van Jesus Christus, dat die Vader en sy Geliefde Seun die Gees kan stuur om ons toe te laat om vrede te vind in hierdie lewe, watter toetse ook al na ons en diegene vir wie ons lief is, mag kom.

### ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP

President Eyring leer dat die nagmaalgebede ons kan help om te weet hoe om vrede te vind in ons beproewinge. Hulle herinner ons dat indien ons ons verbonde onderhou, ons God se belofte het dat die Heilige Gees met ons sal wees. Oorweeg om diegene wie julle besoek, te vra hoe die Heilige Gees ons kan help om vrede te hê. Jy kan ook jou gedagtes of 'n ondervinding deel van hoe die Heilige Gees jou gehelp het om vrede te ervaar gedurende 'n beproewing. Jy mag diegene wat jy leer aanspoor om hierdie boodskap hierdie week gedurende die nagmaal te bepeins.

## JEUG

### Hoe sal jy die verlosser hierdie week onthou?

President Eyring moedig ons aan om "te kies om [die Verlosser] te onthou op 'n manier wat ons harte die beste na Hom trek."

Hoe "onthou jy Hom altyd" dwarsdeur die week (sien L&V 20:77, 79)?

Het jy 'n geliefkoosde skriftuur oor die Verlosser? Jy kan elke dag hierdie week 'n ander skriftuur merk en dit met iemand deel.

Sing jy 'n gesang of ander verheffende lied in jou gedagtes as jy terneergedruk voel? Miskien kan jy hierdie week een kies wat spesifiek oor die Verlosser gaan.

Bepeins jy elke week die Verlosser se lewe en versoenende opoffering gedurende die nagmaal? Jy kan voorberei vir die nagmaal deur jou keuses deur die week om altyd die Verlosser te onthou te herroep, en te bekeer van die kere wat jy gesukkel het om dit te doen.

Bid jy elke dag vir geleenthede om die evangelie te deel? Probeer om hierdie week 'n evangeliese bespreking wat op die Verlosser fokus, te hou. Jy kan jou getuienis lewer oor die Verlosser gedurende gesinstuisaand of met 'n vriend by die skool gesels oor 'n ondervinding wat jy by die kerk gehad het.

Stel 'n doelwit om die Verlosser hierdie week op 'n spesiale manier te onthou. Vertel 'n ouer, 'n broer of suster, 'n leier of 'n vriend van jou doelwit. Aan die einde van die week, vertel hulle wat gebeur het. Julle sal albei die vrede en geluk voel waarvan President Eyring gepraat het.

## KINDERS

### Kom na Christus toe

Die Verlosser het ons vrede belowe as ons "na Hom toe kom" (Matthéüs 11:28). Dit beteken om sy voorbeeld te volg en te probeer om na aan Hom te bly.

- Wees eerbiedig gedurende die nagmaal.
- Kies om goedhartig te wees en nie ander te oordeel nie.
- Lees oor die Verlosser in die skrifture.

© 2016 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/16. Vertaling goedkeuring: 6/16.
Vertaling van *First Presidency Message, December 2016*. Afrikaans. 12872 501

# Familievreugde word gevind in regverdigheid

**Geloof, Familie, Verligting**

*Bestudeer hierdie materiaal biddend en vra om inspirasie om te weet wat om te deel. Hoe sal jou geloof in God verhoog en diegene waaroor jy waak deur vrouebesoek geseën word deur "Die Familie: 'n Proklamasie aan die Wêreld" te verstaan? Vir meer inligting, gaan na **reliefsociety.lds.org***

God het "families gevestig om ons vreugde te bring, om ons te help om korrekte beginsels te leer in 'n liefdevolle atmosfeer, en om ons voor te berei vir die ewige lewe."[1] Oor God se "groot plan van vreugde" (Alma 42:8), het President Russell M. Nelson, President van die Kworum van die Twaalf Apostels, gesê: "Sy plan verklaar dat mans en vrouens is 'dat hulle vreugde mag hê' [2 Nefi 2:25]. Daardie vreugde kom wanneer ons kies om in harmonie met God se ewige plan te lewe."[2]

'n Christus-gesentreerde huis bied die grootste geleenthede vir sukses. Ouderling Richard G. Scott (1928–2015) van die Kworum van die Twaalf Apostels het dit beskryf as 'n plek "waar die evangelie geleer word, verbonde gehou word, en liefde gedy," waar families "'n gehoorsame lewe" kan lei en "stewig gewortel word in die evangelie van Jesus Christus."[3]

President Henry B. Eyring, Eerste Raadgewer in die Eerste Presidentskap, het gesê: "Ons kan besluit dat ons alles sal doen wat ons kan om die kragte van die hemel in ons familie te bring." En ons sal heel waarskynlik liefde, diens, gehoorsaamheid en geluk in ons huise bevorder deur te verseker dat '[ons kinders] die woord van God hoor en dit dan in geloof op die proef stel. As hulle dit doen, sal hulle geaardhede verander op 'n manier wat die geluk sal bring waarna hulle soek."[4]

## *Christus-gesentreerde Huise*

Ons het rolmodelle van Christus-gesentreerde huise in die skrifture. Nadat hulle vader, Lehi, gesterf het, het Nefi sy familie en andere wat in die waarskuwings en openbaringe van God geglo het, en wat na Nefi se woorde geluister het, weggeneem van die land van die Lamaniete. In hierdie nuwe plek kon die Nefiete die verordeninge, insettinge, en die gebooie van die Here in alle dinge onderhou, volgens die wet van Moses (sien 2 Nefi 5:6–10). Tog selfs onder die Nefiete, het sommiges uiteindelik ongehoorsaam geword.

En terwyl ons familielede soms van regverdigheid kan afdwaal soos die Nefiete gedoen het, het Ouderling Scott gesê dat 'n Christus-gesentreerde huis steeds "die grootste versekering vir vrede en toevlug in ons huise bied." Hy het erken "daar sal steeds baie uitdagings of hartseer wees, maar selfs te midde van onrus, kan ons innerlike vrede en diepe geluk geniet."[5]

## *Addisionele Skrifgedeeltes*

3 Johannes 1:4; 1 Nefi 8:12; 2 Nefi 5:27

**NOTAS**

1. *Handbook 2: Administering the Church* (2010), 1.1.4.
2. Russell M. Nelson, "Celestial Marriage," *Liahona,* Nov. 2008, 92.
3. Richard G. Scott, "For Peace at Home," *Liahona,* Mei 2013, 30, 31.
4. Henry B. Eyring, "Die Leringe van 'Die Familie: 'n Proklamasie aan die Wêreld," *New Era,* Sept. 2015, 5, 6.
5. Richard G. Scott, "For Peace at Home," 31.

### *Ter Oorweging*

Wat kan ons doen om meer regverdig in ons families te lewe?

© 2016 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/16. Vertaling goedkeuring: 6/16.
Vertaling van *Visiting Teaching Message, December 2016.* Afrikaans. 12872 501